

DIE PAD NA EMMAUS (2): OM DIE TEENWOORDIGHEID VAN DIE HERE TE ONDERSKEI

LUKAS 24: 13-35; WATERKLOOFKERK; SONDAG 22 APRIL 2018

Om jou lewe as 'n reis te beskou, het allerlei voordele.

'n Reis het 'n begin- en 'n eindpunt en ons durf dit nie omwens as ons jonk is of terugverlang as ons ouer is nie maar eerder elke tyd behoorlik deurleef.

Mens besef ook op jou lewenspad hoe goed dit is om reisgenote te kan hê. Met 'n 'Kyk daar!' kan 'n reisgenoot jou oë oopmaak en ek kan sin vind om iemand se rugsak vir 'n ent te dra. Ons kan mekaar help om die kuns te bemeester om elke lewensfase en elke omstandigheid te belewe soos 'n pad wat oor hoogtes en laagtes kronkel en deur verskillende landskappe beweeg.

Omdat ons nie weet wat om die volgende draai van jou lewenspad gaan gebeur nie, is daar baie raad sodat jou lewe nie in 'n angsrit ontaard nie maar eerder 'n avontuur is. Baie van die raad gaan ongelukkig om selfgelling, prestasies en sukses as lewensdoelwit te kies. Dis nie verkeerd om doelwitte te hê nie maar dit kan op 'n ironiese wyse juis so werk dat dit jou van die volheid van lewe beroof. Soos die siniese Oscar Wilde tereg waarsku: 'Twee tragedies kan jou tref. Die eerste is dat jou drome nie waar word nie. Die tweede is dat jou drome waar word'.

Wilde suggereer dat jou drome van so 'n aard kan wees dat wanneer jy dit bereik en dit dalk vir ander bewonderingswaardig is jy by jousef besef dis nie wat ek gehoop het dit sou wees nie, trouens dis leeg, betekenisloos. Ek het my lewe gegee vir 'n seepbel. Ongelukkig kom dit gewoonlik te laat om weer nuut met jou reis te begin.

'n Bekende lewensraadgewer is Stephan R. Covey. Toe hy in 2012 op 79 jarige ouderdom na 'n fietsongeluk oorlede is, was 25 miljoen kopieë van sy boek *The Seven Habits of Highly Effective People* wat in 38 tale vertaal is, al verkoop. Covey is 'n gelowige mens. Sy raad aan ons was gelukkig anders. Dit gaan nie om sukses nie maar om effektiwiteit – nie gewoontes vir 'highly successful people' nie maar vir 'highly effective people'. Sy tweede gewoonte is juis 'To begin with the end in mind'. Nie om jou lewenspad van die begin af so te stap dat jy uiteindelik kan spog 'ek het gewen nie' maar dat jy dankbaar kan wees met 'ek het gedien'. In die sentrum waaruit ons aktiwiteite gerig en bestuur word is nie jyself, jou familie of selfs jou kerk nie maar 'principles' – die waardes en beginsels soos integriteit, verantwoordelikheid, en die wil om 'n verskil te kan maak.

Daarby is Covey realisties om ons te herinner dat die einde nie die hoogtepunt van 'n loopbaan is nie maar ons eie sterfte. Uit die wysheid van die sterfbed moet ons weet daar is eintlik net twee dinge in die lewe wat regtig enduit tel: 'Die liefde wat jy ontvang het en die liefde wat jy gegee het' (in ons ouderling, At Boshoff, se woorde).

Covey se gelowigheid en gewildheid laat mens wonder: 'Wat is eiesoortig van die lewensraad van Christelike geloof en die Bybel?'. Die kort antwoord is dat dit nie juis die etiese is nie. Almal beskou liefde, vergifnis (soos bv in Nelson Mandela se lewe na 27 jaar in die tronk), diensbaarheid en selfloosheid as wonderlike lewenswyses. Jesus het wel verder gegaan deur vyandsliefde in te sluit. Die groot verskil is egter nie die wat (waardes) nie maar die hoe om dit reg te kry.

Die voorbeeldverhaal in Lukas 24: 13-35 wil nie in die eerste plek vertel wat destyds gebeur het nie. Dit bied eerder 'n voorbeeld sodat almal kan deel in nuwe lewe en met die nuwe krag na die opstanding nuwe lewe kan regkry. Dit wil dat ons eerstehands self God sal beleef en dat die waardes of beginsels, wat byna alle mense bewonder, waar kan word in ons lewe.

Lukas gee 5 wyses van deelkry aan die krag. Die eerste is om jou verliese te betreur. Vandag is ons by die tweede: Om met geloofsonderskeiding - dit wil se met sensitiwiteit - te lewe. Om fyn raak te sien en fyn raak te hoor en fyn aan te voel sodat mens die lewenspad voluit kan leef (sien ook Fil 1 :9-10).

Ons lees weer Lukas 24:13-35.

Dit lyk my ons kan uit die verhaal drie waarhede oor geloofsonderskeiding leer: Onderskeiding begin met 'n oopheid; die hart van onderskeiding is om iets van die Here se teenwoordigheid te beleef; en onderskeiding laat mens met nuwe vrae leef.

1. Onderskeiding begin met 'n oopheid

By ons Vrydagoggendbyeenkoms eergister Oop Gesprek, het ons ook gepraat oor die dilemma van lewensdoelwitte. Enersyds het mens dit nodig sodat jy nie in sirkels loop nie maar andersyds kan jou eie drome en ideale jou god word. Francois Wessels het die oplossing goed geformuleer: 'Jy moet net liggies aan jou ideale vashou'. 'Liggies' want jy moet nie krampagtig vasklou aan dit wat voorlopig is nie maar bly eerder oop dat God jou nuwe ideale kan gee - wat dalk meer in lyn is met sy drome as met joune! Ons moet oop wees vir 'n ander pad - oop om die '*The Road Less Travelled*' (M Scott Peck) by 'n vork in ons lewenspad te kan kies.

Die Emmaus-verhaal vertel van merkwaardige openheid by die reisgenote. Openheid oor teleurstelling, oor skokkende nuus, oor onsekerheid. Oopheid wat met 'n vreemdeling gedeel word terwyl mens skaamte en stilbly sou verwag. Daarom ook openheid en eerlikheid om verbasing uit te spreek dat die vreemdelinge nie weet wat gebeur het nie en openheid om ook van die vreemdeling se verbasing te kan hoor oor hulle 'traagheid van gees' (letterlik: 'traag van hart om alles te glo wat die profete gesê het'). Daarna volg die oopheid van gasvryheid om die

vreemdeling in te nooi en die oopheid dat die vreemdeling leiding by die tafel neem en dit lei na hulle openheid van hart en oë – maar hieroor later meer.

Ons geslotenheid vir dit wat meer is agter en in die werklikheid het waarskynlik twee oorsake. Die eerste is die goedkoop manier waarop godsdienstige mense hulle ervarings, eie gedagtes en verbloemde behoeftes aan die Here se teenwoordigheid en stem verbind: 'Die Here het my dit gesê en die Here het my dat gesê...'.

Die tweede is dat ons kinders van die moderne tyd is en dat ons net glo wat ons ook kan sien. Ag ons kan nie eers die golwe sien van ons selfoonstelsels nie. Die wetenskap help ons - nogal ironies - om te beseef daar's meer. Bv meer in atome as wat ons vroeër gedink en bereken het. Om oop te wees vir die meer help ons om oop te wees vir die Meer en die misterie van God.

2. Die hart van onderskeiding is om iets van die Here se teenwoordigheid te beleef

Die een groot saak dwarsdeur die Bybel is God se misterieuse teenwoordigheid. Moses se oopheid en nuuskierigheid lei dat hy sien die braambos brand nie uit nie. Die volk beleef deur die wolke iets van God se versorging en teenwoordigheid. Jesus vra dat ons oplettend sal lewe en selfs in voëltjies en veldplantjies die Here se sorg en teenwoordigheid sal raaksien. Die hart van die paasboodskap is dat Christus in God se teenwoordigheid opgeneem is...

Patrick Keifert (in *Ons is nou hier: 'n Nuwe era van gestuur-wees*) en navorsers bevind in 'n groot ondersoek dat meeste kerklidmate nie meer God as 'n in die teenwoordige tyd doener beskou nie. Dis ons wat glo en dien en bely en lofsing. Ons is die subjek en God hoogstens die onderwerp. God was die subjek in die verlede. Toe het Hy geskep en geroep en geheilig. Vroeër in die verlede tyd. Teoreties glo ons in God maar nie dat Hy vandag nog dinge doen nie. Is ons nie maar net praktiese ateïste nie? (Ook Wolfgang Hüber vra dit).

Dalk is een van die redes vir die tragiese stand dat ons duidelike sekerheid op ons lewenspad nodig. Jy is tog nie tevrede as 'n toerleier sou sê: 'Ons slaap daar iewers nie'. Jy wil presies weet waar. As jy op 'n staptoer is, wil die stappers teen drie-uur weet waar die tente moet staan en die slaapsakke oopgerol kan word. En in die bos moet die stapleier goed kan onderskei waar die olifante en seekoei deur die nag gaan stap. Men sewil sekerheid hê.

Daarom wil mense graag die Bybel op een vlak as alles letterlik verstaan. Die Bybel is in sy letterlike verstaan meer vas en seker, kan ook meer beheer word as die misterieuse teenwoordigheid van die Heer wat ons moet onderskei. Die reis na Emmaus-voorbeeldverhaal leer dat die teenwoordigheid en misterie eerste kom. Dat die opgestane as vreemdeling die Bybel uitlê. Dat die Bybel tweede kom. Die Bybel help ons soos 'n bril om dit wat eerste en ononderhandelbaar is, die teenwoordigheid van die Here in ons gewone lewe, raak te sien. Die Bybel is nie die doel nie maar middel tot die doel. Die Bybel is die bril waardeur ek moet kyk om God se teenwoordigheid hier en nou te kan raaksien. Dis nie dat God in die verlede meer

teenwoordig was nie. Dis ook nie iets wat die priester en dominee moet oorkom nie. Dit kan alle gelowiges se eerstehandse ervaring wees.

Die ervaring gee nie die sekerheid soos ons dit graag wil hê nie. Dit vra vertrou. Dit bied geborgenheid. Hy die lewende sal ons nooit los nie. Wat ook al op ons lewenspad gebeur.

3. Onderskeiding laat mens met nuwe vrae leef.

As die groot geheim van die lewe die misterieuse teenwoordigheid van God en Christus is, verander ons lewe en ons lewensvrae.

As kerk vra ons nie in die eerste plek meer vrae oor ons as kerklike instituut oor of ons genoeg geld het vir die volgende 10 jaar en of ons geboue en bestuurstrukture goed en oor getalle nie maar vrae oor ons as geloofsbeweging: 'Is ons geloof in die Here se teenwoordigheid gesond en die gehalte van getuigenis daarvoor?' (by Keifert maar ook by Nelus Niemandt: *Nuwe drome vir nuwe werklikhede* en David Bosch: *Transforming Mission*).

Ons vra byvoorbeeld nie 'Hoe kan ons Malema nou straf nie?' maar eerder 'Wat vra die Here se wysheid van ons in ons politieke dilemmas?' Dalk onthou ons dan hoe die vredesverdrag van Versailles se vernedering aan Duitsland help om die Tweede Wêreldoorlog te begin.

Ons vra ook nie net demokratiese vrae 'Wat wil die meeste mense graag hê' nie maar onderskei eerder in 'n geestelike proses met behulp van sogenaamde Godsvrae 'Wat vra God nou van ons in hierdie tyd?' (bv Anthony B. Robinson: *Transforming Congregational Culture*). Selfs meer spesifiek: 'Hoe wil die Here hê moet my kombuis lyk en werk as ons besig is om die aarde en sy lewende sisteme dood te wurg?'

Ons vra ook nie 'Hoe kan ek God by my lewensdrome en ideale betrek en inspan nie?' maar bid eerder om te kan onderskei dat ek nie my koninkryk en my wil en my naam hoe subtiel ook eerste sal plaas nie maar dat God se koninkryk sal kom, sy naam geheilig word en sy wil geskied...

AvN Paastyd 2018